**FEBRUARIE TEMA: God se verlossingstroos realiseer in die Evangelies**

Donderdag **22 Februarie**

**Skrifgedeelte: Johannes 17:20-26**

**Fokusgedeelte: Johannes 17:24 (AFR2020)**

**Gelowige, jy sal ná hierdie lewe die heerlikheid van Jesus sien**

In hierdie kort reeks uit die gebed van Jesus het ons gehoor dat die Vader mense aan Jesus gegee het. Dit is die mense wat Hy verlos deur sy sterwe en opstanding. Terwyl gelowiges in hierdie wêreld is, behoort hulle aan Jesus en die Vader. Daarom is hulle anders as die wêreld en bly gefokus op Christus se opdrag, sodat hulle nie soos die wêreld word nie.

Jesus spreek aan die einde van sy gebed sy begeerte tot sy Vader uit. Hy wil dat die mense wat sy Vader aan Hom gegee het, by Hom sal wees, sodat hulle sy heerlikheid kan sien. Omdat die Heilige Gees jou by Christus gebring het en jy jou vertroue in Jesus gestel het as jou Here en Verlosser, weet jy dat die Vader jou ook aan Christus gegee het. Daarom kan jy weet dat Jesus ook hierdie begeerte oor jou uitgespreek het.

Die beste deel van die lewe hierna gaan nie die goue strate en pêrelpoorte van die nuwe Jerusalem wees nie, maar om die heerlikheid van Jesus te sien. Hierdie waarheid word regdeur die Nuwe Testament herhaal. Dan kan gelowiges Jesus en die Vader ongehinderd dien. Alles wat nou nog skeiding maak, sal weg wees.

Daar is egter nog iets wat gelowiges sal sien – hulle sal die liefde wat die Vader vir die Seun het en die Seun vir die Vader het, sien. Dit is liefde in die suiwerste vorm, soos wat dit van ewigheid af tussen die Vader, die Seun en die Heilige Gees bestaan. Gelowiges sal egter nie net toeskouers wees van hierdie liefde nie. Hierdie liefde sal dan ook volmaak in die gelowiges self wees.

Dus, om in lewe en in sterwe met liggaam en siel aan Jesus te behoort, is voorwaar ’n troos wat niks en niemand van jou kan wegneem nie. Jesus Christus en sy volkome werk is die waarborg daarvan.

*Sing: Skrifberyming 2-4:1, 3*

*Ds. CCA (Coen) Vrey (Bellville)*